

OMGEEHANDE

OMGEEDIENS/KINDERDIENS

Julle is my vriende (maats)..Julle moet vir mekaar omgee, net soos Ek vir julle omgee en liefhet (Joh 15:12)

Mat 19:13-15 Die mense het kindertjies na Hom toe gebring dat Hy hulle die hande moet oplê en vir hulle moet bid. Sy dissipels het met hulle daaroor geraas. (14) Maar Jesus het gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle." (15) Nadat Hy hulle die hande opgelê het, het Hy daarvandaan weggegaan

Jesus het opgestaan en sy vriende se voete gewas. Gewoonlik het net bediendes dit gedoen.....volg nou my voorbeeld. Dien mekaar soos ek julle gedien het (Joh 13:1-)

JESUS: JOU HANDE IS NOU MY HANDE

Jesus se hande is omgeehande

Wat doen omgeehande?

1 Kindvriendelike hande (Mat 19:13-15)

2 Helpende hande (siekes, Petrus, almal in nood, saai liefde)

3 Dienende hande (Joh 13:1-17)

4 Gee hande (Luk 9:10-17)

5 Mekaar-hande (Joh 15:12)

6 Kruishande (Dit het Ek vir jou gedoen!)

SAAM-PRAAT:

- 1 Watter van al die dinge wat Jesus se omgee-hande gedoen het, raak jou die meeste ?
- 2 Hoe is jul hande vir Jesus en vir mekaar die meeste tot diens as groep?
- 3 In watter opsig wil jy nog meer jou hande tot Jesus se beskikking stel ?